Verwysing: 20201019-8898
Lêerno.: 12/1/9
Navrae: R Larney

Omsendbrief: 0034/2020
Vervaldatum: 31 Desember 2020

Aan: Direkteure (distrikskantore), Kringbestuurders, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Prinsipale van primêre en sekondêre skole

Kort opsomming: *Skoolbywoning van graad 4- tot 11-leerders tydens en ná die skoolgebaseerde toetse in November 2020.*

Onderwerp: Skoolbywoning van graad 4- tot 11-leerders tydens en ná die skoolgebaseerde toetse in November 2020

1. Die sluiting van skole as gevolg van die Covid-19 pandemie het wysigings aan graad 4 tot 11 se interne eksamendatums, wat in die skoolbeplanningkalender (Omsendbrief 0037/2019 van 20 September 2019) aan skole gekommunikeer is, genoodsaak.

2. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is daartoe verbind om die maksimum onderrig- en leertyd te verseker. Gegewe die verminderde beskikbare onderrigtyd regoor die grade, bly die primêre onderrigdoel om leerders aan alle moontlike leergeleenthede op graadvlak bloot te stel sodat hulle voldoende vir die volgende graad voorbereid is.

3. Omsendbrief 0018/2020 van 03 Augustus 2020, het skole verder ingelig oor die implementering van die hersiene jaarlikse onderrigplanne wat die minimum konsepte, inhoud en vaardighede per vak en graad kortliks uiteensit. Dié omsendbrief het skole ook oor die hersiene assesseringsprogram vir graad R tot 11 vir 2020 ingelig.

4. Wanneer daar vir die skoolgebaseerde toetse en eksamens vir November 2020 beplan word, moet beroeps- en veiligheidsmaatreëls vir Covid-19 in ag geneem word en dit sluit die volgende in:
   a) Handhawing van 'n fisiese afstand van 1 meter.
   b) Die dra van 'n masker.
   c) Sifting.
   d) Handreiniging.

5. Alle skool- en distrikskantoorpersoneel word versoek om van die volgende kennis te neem:

5.1 Alle skole is daarvoor verantwoordelik om die skoolprogram vir die tydperk tydens en ná die eksamen tot en met die laaste dag van die skoolkwartaal te beplan. Skole word aangeraai om **alle** leerders se rapporte op **15 Desember 2020** uit te deel.

5.2 Skole wat graad 10 tot 11 aanbied, mag nie hul finale gekontroleerde toeste voor **18 November 2020 begin of dit voor 04 Desember 2020 voltooi nie**. Skole kan egter by die distriksdirekteur aansoek doen vir toestemming om vroeër met die praktiese eksamens van sekere vakke te begin.

5.3 Skole wat graad 4 tot 9 aanbied, mag nie voor **26 November 2020 met hul skoolgebaseerde toetse begin of dit voor 04 Desember 2020 voltooi nie**.

5.4 Weens die maatreëls vir Covid-19, moet sommige skole meer as een skoolgebaseerde toets en/of eksamensessie per dag beplan. Wanneer reëlings vir hierdie vroeër of latere sluitingstyd getref word, moet die veiligheid en vervoer van leerders in ag geneem word. Dit is dus baie belangrik dat ouers vooraf ingelig word sodat hulle alternatiewe reëlings kan tref.

5.5 Alle leerders moet tydens die skoolgebaseerde toeste skool bywoon, met die uitsondering van graad 12-leerders wat op vyf studieverlofdae voor die aanvang van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen geregtig is.

5.6 Alle opvoeders moet vir die volle skooldag (35 uur per week) tydens die eksamentydperk by die skool wees, ongeag of hulle toesighoudende pligte het, al dan nie.

5.7 Skole moet toesien dat leerders ná 04 Desember 2020 skool bywoon en op 'n opvoedkundige wyse besig gehou word. Op die laaste dag van die skoolkwartaal moet leerders vir minstens drie uur en opvoeders vir minstens vyf uur by die skool wees.

6. Prinsipale word herinner dat hulle hul eksamenroosters minstens drie weke voor die aanvang van die skoolgebaseerde toetse en/of eksamens by die kringbestuurder moet ingedien. Distriksamptenare sal die implementering van hierdie riglyne monitor.

7. Prinsipale en beheerliggame word versoek om spesiale aandag te skenk aan die opstel van hul programme tydens eksamens sodat waardevolle onderrig- en leertyd nie verlore gaan nie.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-10-23